Lesing 07.06.2018 - DEEL 23 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Boek van Henog 47:3

3 In daardie dae het ek die **Hoof (Oue) van Dae** gesien toe HY op die Troon van SY Glansrykheid gaan sit het, en die Boekrolle van die lewendes is voor HOM oopgemaak. SY groot leërskare wat bo in die Hemele is en SY raadgewers het voor HOM gestaan, [Boekrol van Henog 60:2; Openbaring 20:12]

4 En die harte van die apartes was met vreugde gevul, want die getal van die regverdiges is bereik, die gebed van die regverdiges verhoor en die maat van die bloed van die regverdiges is geëis **voor die Aangesig van die Elohey van die Geeste.** [2 Ezra 2:41; Openbaring 6:10]

Henog 48:1 IN daardie plek het ek die **Fontein van Geregtigheid** gesien wat onuitputlik is, en rondom Haar was **baie Fonteine van Wysheid**; en almal wat dors was, het van Haar gedrink en is met Wysheid gevul, Hul woonplek was by die regverdiges **en die apartes en die uitverkorenes**. [Hooglied van Salomo 3:11; Wysheid van Sirah 24:7-8]

2 In daardie uur is die **Seun van Adam benoem** voor die Aangesig van die **Elohey van die Geeste** en is Sy Naam voor die **Hoof [Oue] van Dae** genoem. [MattithJaHûW 28:19]

3 Ja, voordat die son en die tekens geskep is, voordat die Sterre van die Hemele gemaak is, is Sy Naam genoem voor die Elohey van die Geeste.

4 Hy sal '**n Staf vir die regverdiges** wees waaraan hulle hul kan anker, sodat hulle nie val nie, en Hy sal 'n Lig **vir die nasies** wees, en hoop vir die met 'n bekommerde hart. [JeshaJaH 10:26]

5 Almal wat op die Aarde woon, sal neerval en **Hom vereer, Hom prys** en seën en feesvier met sang **voor die Aangesig van die Elohey van die Geeste**. [Boekrol van die Opregte 49:35]

6 Daarom is Hy verkies en verborge voor HOM, van vóor die skepping van die wêreld af, en vir altyd.

7 Die **Wysheid van die Elohey van die Geeste** het Hom openbaar aan die apartes en die regverdiges; Hy bewaar die lot van die regverdiges, want hulle het hierdie wêreld van Ongeregtigheid gehaat en verag. Ja, hulle het al dié werke en dié weë in die Naam van die Elohey van die Geeste gehaat. **Want in Sy Naam is hulle gered**, en volgens Sy suiwer wil was Hy ter wille van hul lewens.

10 Op die dag van hul lyding sal daar rus op die Aarde wees, en voor hulle aangesig sal hulle val en nie weer opstaan nie. Daar sal niemand wees wat hulle hand na hulle uitreik en hulle help nie; want hulle het die **Elohey van die Geeste en Haar Gesalfde misken. Geseënd is die Naam van die Elohey van die Geeste**!

Johannes 1:29 Die volgende dag sien JeHôWganan, JaHWèshua na hom toe kom, en hy sê: **Dáár is die Lam** van die Elohim wat die oortredinge van die wêreld sal dra!

Joh 1:30 Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n Man wat voor my geword het, want Hy was eerder as ek.

Joh 1:31 En ek het Hom nie geken nie; maar dat Hy **aan JisraEl openbaar sou word**, daarom het ek gekom en in water gewas/gedoop.

Joh 1:32 En JeHôWganan het getuig en gesê: Ek het **die Gees soos 'n Duif uit die Hemele sien neerdaal, en Sy het op Hom gebly.**

Joh 1:33 En ek het Hom nie geken nie; maar HY wat my gestuur het om in water te was/doop, HY het aan my gesê: **Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Gees van die Apaeid was/ doop**. [Odes van Salomo 24:1-2]

Joh 1:34 En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van die Elohim is.

Ode van Salomo 24: [Ode oor die Waarheid.]

24:1 **DIE Duif** het afgevlieg op die hoof van ons Meester, ons Gesalfde, want **Hy was Haar hoof**.

2 Sy het oor Hom gesing, en Haar Stem is gehoor. [MattithJaHûW 3:16-17]

3 Die bewoners het gevrees, en die verbasterdes het gesidder.

Ode 12:1 HY het my gevul met die **woorde van Waarheid,** sodat ek van Hom mag spreek;

2 **Waarheid het uit my mond gevloei** soos 'n stroom water, en my lippe het Haar vrugte bekend gemaak.

3 Sy het my laat oorloop met Haar Kennis, want die **Mond van JaHWeH is die ware Woord**, en die Poort van Sy Lig.

4 Die Hoogste El het **Haar** aan Sy wêrelde gegee, die vertolkers van Sy Prag, en die vertellers van Sy Glansrykheid, en die belyers van Sy denke, en die verkondigers van Sy gedagte, en **die Apaeid van Sy werke.**

11 Want die **Mond van die Hoogste El** het met hulle gespreek, en **deur Haar** het Sy openbaring vrye teuels gehad.

12 **Want die Woning van die Woord is die Seun van Adam. En die Waarheid is Sy Liefde.**

13 Geseënd is hulle wat alles **deur Haar** verstaan het, en **JaHWeH in Sy Waarheid** geken het.

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!